

Ontmoeting 3

Spioene na Jerigo

Kinders leer dat die Here ons beskerm

Teks: Josua 2

Hulpmiddels:

- Rooi karton
- Rooi tou/wol wat in stukkies gesny kan word
- Toue tussen 1 en 2 meter lank waarmee die kinders mekaar kan rondtrek
- Wit karton
- Stukkies rooi tou of wol
- Rooi A4-grootte karton
- Gaatjiepons (ponsdrukker)



Welkom

Sorg dat jy 'n klomp toue het wat almal omtrent tussen een en twee meter lank is. *(As jy rooi tou kan kry, sal dit selfs beter wees.)* Laat die kinders twee-twee staan met h tou. Een kind lê plat en hou aan die tou se punt vas. Die ander een probeer hom oor die vloer trek. Ruil om. Maak nou groepies van drie. Laat twee van hulle lê en aan die tou vashou en kyk wie kry dit reg om hulle oor die vloer te trek. *(Die kinders word herinner aan die geleentheid waar Ragab die 2 spioene teen die muur laat afsak het.)*

Speel wegkruipertjie as julle plek het daarvoor. *(Dit herinner aan Ragab wat die spioene weggesteek het.)*

Al die kinders lê op die grond en niemand mag beweeg of 'n geluid maak nie. Stel h alarm vir h minuut of twee waarin hulle so stil moet lê dat dit lyk of hulle nie eers daar is nie. *(Dit herinner aan die spioene wat so stil onder die toue/ strooi moes gelê het.)*



Wyding

Stilword-ritueel:

Speel die klanksnit. *(Kan gratis afgelaai word van ons webwerf en op h selfoon gespeel word.)*

Harde geluide

“Kyk links en kyk regs, maar moenie verskrik wees nie!” *(Doen met aksies.)*

Donderweer, ens.

“Kyk op, kyk af en moenie bang wees nie.” *(Doen met aksies.)*

Musiek

“Van voor en van agter, bo jou en onder jou, rondom jou en binne jou is die Here, die Ewige God.” *(Draai in die rondte met arms uitgesprei.)*



Woord

Lees Josua 2 op 'n gedramatiseerde wyse voor. Gebruik die Bybel@Kinders. (*Knip hierdie gedeelte uit en plaas dit in jou Bybel. Die kinders kan dan onthou dat die verhaal uit die Bybel kom.*)

(*Jy sou ook 'n impromptu opvoering met die kinders kon hou. Jy benodig Ragab, 2 spioene, 2 soldate en 'n koning. As jy klere of ander items het, kan jy die kinders daarmee aantrek.*)

“Jerigo was die eerste stad aan die oorkant van die Jordaanrivier wat die Israëliete moes aanval. Josua het stilletjies 2 spioene gestuur om te gaan kyk hoe sterk die mense van Jerigo was. Toe dit amper donker was, het hulle in Jerigo aangekom. Hulle het vir h'n prostituut gevra of hulle die aand in haar huis kon slaap. Haar naam was Ragab. Sy het dikwels vir vreemde mense slaapplek gegee. Van Jerigo se mense het gesien daar is vreemde mans in Ragab se huis. Hulle het vir die koning van Jerigo gaan sê: ‘U weet mos die Israëliete kamp hier naby aan die anderkant van die Jordaan. Hulle wil ons land vir hulle vat! Twee van hulle spioene is hier in ons stad.’

Die koning het vir Ragab laat weet: ‘Stuur dadelik die twee vreemde mans in jou huis na my toe. Hulle is spioene wat ons stad verken.’ Ragab het gou h'n plan gemaak. Sy het die koning laat weet: ‘Dis waar, twee vreemde mans het hier by ons kom slaapplek soek. Maar hulle is teen skemer hier weg. Dit was net voor die stad se poorte vir die nag toegesluit is. Ek weet nie waarheen hulle is nie. Maar as julle gou maak, kan julle hulle dalk nog vang!’ Intussen het Ragab die twee mans op haar huis se dak laat klim. Daar het sy hulle weggesteek onder h'n bondel toue. Die koning van Jerigo se soldate kon die mans nie in Ragab se huis kry nie. Hulle het haar geglo. Hulle het die stad se poorte oopgesluit en die spioene gaan soek in die rigting van die Jordaanrivier. Die stad se poorte is weer agter die soldate toegesluit.

Ragab is op na die dak van haar huis toe en het vir die twee spioene gesê: ‘Ek weet die Here gee die land vir julle. Almal van ons wat hier bly, is verskriklik bang vir julle. Ons het gehoor hoe die Here julle uit Egipte gelei het. Ons weet julle het op droë grond deur die Rooisee getrek. Ons het gehoor geen koning aan die ander kant van die Jordaanrivier kon julle keer nie. Ons is baie bang, want ons weet julle God is die God van die hele wêreld. Ek het julle goed behandel. Belowe my nou dat julle my familie ook goed sal behandel wanneer julle Jerigo aanval. Kom ons kom ooreen oor h'n teken dat julle my pa en ma, my broers en susters en al my ander familie se lewens sal spaar.’

Die spioene het geantwoord: ‘As jy ons nie verklap nie en die Here gee die land vir ons, sal ons jou goed behandel. Ons belowe dit sowaar as wat ons lewe!’

Ragab se huis was op die muur wat rondom Jerigo gebou was. Sy maak toe h'n slim plan. Sy vat een van die toue waaronder hulle weggekruip het. Die toue was bloedrooi. Sy sê vir die mans: ‘Ek gaan julle met hierdie tou laat afsak tot op die grond. Die koning se soldate soek julle op die pad na die Jordaanrivier. Vlug dadelik na die berge toe. Kruip 3 dae daar weg. As die soldate moeg is om na julle te soek, kan julle na julle eie mense toe teruggaan.’

Die mans het geantwoord: ‘Dankie vir jou hulp. Ons kan net ons belofte om jou te help nakom as jy maak presies soos ons nou sê. Wanneer ons die stad aanval, moet jy hierdie rooi tou by jou huis se venster laat uithang. Jy moet sorg dat jou pa, ma, broers, susters en ander familie saam met jou in die huis is. As een van jou familielede buite jou huis is, is dit nie ons skuld as hy doodgaan nie. Maar ons sal sorg dat niemand die mense in jou huis seermaak nie. Die rooi tou is die teken dat almal in jou huis gespaar moet word. Maar as jy ons verklap, sal daar niks kom van ons belofte nie.’

Ragab het toe gesê: ‘Ek sal presies maak soos julle sê.’ Sy het hulle laat afsak en die rooi tou by haar venster laat uithang. Die spioene het dadelik na die berge gevlug. Hulle het 3 dae lank daar weggekruip. Die koning van Jerigo se soldate het orals na die spioene gesoek, maar kon hulle nêrens kry nie. Hulle is terug Jerigo toe. Die spioene het teruggegaan na Josua waar hy oorkant die Jordaan vir hulle gewag het. Hulle het vir hom gesê: ‘Die Here gee die land vir ons. Die mense in die land bewes as hulle van ons hoor!’”

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder of die slegte vrou goed gevoel het oor haar goeie daad en of sy opgehou het om verkeerde goed te doen.
2. Ek wonder of die spioene in God begin twyfel het terwyl hulle daar onder die toue weggekruip het.
3. Ek wonder of jy al in God begin twyfel het toe jy baie bang was.

4. Ek wonder of Josua dapperder geword het toe hy gehoor het die volke is bang vir hulle.
5. Ek wonder of Josua sou onthou dat mense bang was omdat hulle gehoor het dat die Here vir Israel sterk gemaak het.
6. Ek wonder of julle weet dat Ragab deel van Jesus se voorgeslag was.



Werskaf

- Deel aan elkeen 'n stukkie wit karton uit. Dit kan 'n A4-grootte wees wat in 4 gesny is. Deel ook aan elkeen 'n stukkie rooi tou en gom uit. Laat die kinders 'n muur op die karton teken. Help hulle om h muur met groot stene te teken. Elke kind kan die tou op die muur plak en huis toe neem. Leer die kinders om te vertel dat die tou 'n teken van God se sorg en beskerming geword het.
- Knip strokies van 2 cm x 21 cm uit rooi A4-karton. Jy behoort 15 strokies uit een A4 te kry. Die strokies raak die armbandjies waarmee die kinders huis toe kan gaan. Laat die groter kinders self op die karton skryf: "Die Here beskerm my". Jy kan vir die kleiner kinders die woorde op wit karton skryf en opknip. Hulle moet dan die 4 los woordjies in die regte volgorde op hulle rooi armbandjie plak.
- Gee ook vir die kinders 4 bandjies waarop hulle een van die 4 woorde skryf. Hulle kan dan die bandjies aan mekaar vasbind soos 'n ketting. 'n Maklike manier om die bandjies te bind is om aan die een kant 'n gaatjie in te pons. Aan die ander kant knip jy 'n driehoek wat ingekeep word. Steek dan die driehoekie deur die gaatjie.

Sluit af met die seënbede:

Josua 1:9: "Ek self gee jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan."

